# JA, ONS KAN!

**VOORAF:**
WAT SIEN JY IN DIE SPIEëL?
Puisies? Plooie?
Toppunt van eensaamheid …!
**Prentjie van katjie** (wys): Sien homself soos wat hy binne-in voel en dan sê hy vir homself: *"Yes, we can!"*
(Nie die grootte van die hond in die geveg wat tel, maar die grootte van die geveg in die hond!)
**Vanoggend se boodskap** – dat ons moet leer om met God se oë na onsself en na ander te kyk.

**LEES: 1 SAM 16:1 – 13**

**1. GOD NEEM DIE INISIATIEF**
Saul stel teleur
Samuel gaan deur rouproses – verloor uitsig op toekoms
God neem inisiatief – nie in doodloopstraat nie; alles nie verlore nie.
Samuel ontvang nuwe opdrag (:1)

**2. GOD MAAK VREEMDE KEUSES**
Eliab – "DIS ons man!"
<u>Eerstens</u>: **Buitengewoon lank** (:7). Lengte is belangrik in ons samelewing. Al ooit gehoor: "Small, dark and handsome"? Navorsing in Amerika het getoon die gemiddelde lengte van die **direkteure** van 500 groot maatskappye is 1,8m – dit is 7,6cm langer as die gemiddelde persoon in Amerika.
Daar was nog net twee VSA **presidente** wat korter was as die gemiddelde van die bevolking van die tyd waarin hy verkies is.
Volgens mense moet daar dus 'n korrelasie tussen lengte en leierskap-talent wees!
<u>Tweedens</u> was Eliab **die oudste in die familie**. In sy tyd het dit net een ding beteken: jy is die troonopvolgerkandidaat/kroonprins. Jy sal die familie lei na pa dood is.
Van die **eerste 23 ruimtevaarders** was 21 van hulle oudste kinders ...

**God kyk anders na mense** – lees vs 7. (Skerm: *Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike*.)
**Hierdie tyd van die jaar** – leiers gekies; aanstellings; beroepe; huwelike voltrek. Om die REGTE keuse te maak, moet ons ook soos God na mense probeer kyk: na die innerlike en nie na die uiterlike nie.
Dit vra baie **gebed.**
SEWE seuns van Isai het voor Samuel verbygegaan. Die Here het nie een van hulle gekies nie. Al wie nog oorgebly het, was **die jongste**. Die jongste van AG seuns!…
Die Hebreeuse woord wat gebruik word, is **haqqaton**. As jy die jongste van 8 broers is, gaan jy nooit anders bekend staan as die jongste boetie nie. Die Hebreeuse woord dra ondertone van onbelangriklikheid, betekenisloosheid, nie ernstig opgeneem word nie. Nie die hoofkandidaat vir 'n belangrike werk nie.

HIERDIE kandidaat wat aanvanklik nie eens genomineer was nie, is toe GOD SE KEUSE!

**3. GOD GEE DIE TOERUSTING**
**Hoe sou hy ooit ‘n sukses van die koningskap kon maak?** Skaapwagter! Wat weet hy nou van regeer en oorlog maak?
Dan is daar ’n **wonderlike einde** aan hierdie storie - eers in vers 13 word Dawid se naam genoem. Daarna word dit 600 keer in die Ou Testament herhaal en 60 keer in Nuwe Testament! Hy word Israel se mees suksesvolle koning. (Ikoon soos Nelson Mandela.)

Rede: **God maak soms vreemde keuses, maar Hy self sorg vir die sukses.** Hy **voorsien** die nodige toerusting. Die **olie** – salwing – Heilige Gees.
Ongelukkig het Dawid **ook teleur gestel**.
Dis die verhaal van al die konings na hom – goeies en slegtes.
Totdat Jesus op die toneel verskyn het.

**4. CHRISTUS DIE VREEMDE KEUSE**
God maak weer eens ‘n vreemde keuse:
*“Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?”* (Vandag: Bishop Lavis … Bishopscourt!) Gebore in ‘n stal; ry op ‘n donkie; sterf aan ‘n kruis; enigste erfporsie die klere aan Sy lyf; iemand anders se graf!
**Ons moet ook na HOM met God se oë kyk** – nie uiterlike, maar die innerlike. Hy IS die Messias, die Gesalfde van God, die Koning van alle konings.
**Hy het ook vreemde keuses gemaak** – soos Sy dissipels.
Paulus: *lees 1 Kor 1:26-29*
Op ‘n ander plek stel hy dit so raak: *“Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.”* (2 Kor 4:7)
Hy getuig hoedat die Here hom op sy gebed geantwoord het: *“My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is… Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.”* (2 Kor 12:9,10)

**5. VREEMDE KEUSES KOM VANDAG NOG VOOR**
Ons bevestig vandag **‘n huishulp** as diaken op Houtbaai. Sy is vir my ‘n sprekende voorbeeld hiervan. Iemand met ‘n pragtige innerlike; ‘n ware bidder; ywerige helper by D P Marais en IY, lid van die Getuienisspan, gereelde kerkganger en sellid en pas aangestel as koster.
**Ons moet leer om na ander mense te kyk soos wat God na hulle kyk. Hy kies nie noodwendig die langste, oudste of mooiste nie**.

Maar, geliefdes, <u>**elkeen van ons**</u> **is op ‘n manier ‘n vreemde keuse**. Maar God wat ons geroep en aangestel het, het ons ook **gesalf** met sy Gees. Soos ‘n Paulus kan ons ook sê: *“Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my!”* (Gal 2:20). Daarom is ek **tot alles in staat** wat God van my vra deur Hom wat my die krag gee. (Fil 4:13)

**SLOT**
*Wat sien jy* as jy in die spieël kyk? Puisies … plooie … die jongste … ?
Kyk na jou *soos wat God* na jou kyk.
*Kyk verby* die uiterlike en sien vir Christus in jou raak –
en sê dan vir jouself:
**“Ja, ons kan!”**

**Amen**
**23/11/2009**